Bosverhale nou voltooi, Die Burger, 17 Julie 2003

Dalene Matthee se vierde bosboek, Toorbos, het pas verskyn. Francois Smith het met haar gesels oor die Bos en skryf, en die mistiek wat van albei deel is.

Sy hou van korswel, dié skrywer van die Knysna-woud. Daar is niks so lekker soos 'n skyngeveggie of twee nie. Sy wil immers nie pêrels voor swyne werp nie. En vir die dinge van die Bos "moet jy respekte hê".

"Gee my jou hand lat ek sien." Sy soek 'n sekere palmlyn, die lyn wat volgens haar net by skrywers en bedrieërs voorkom. "M-m-m." Sy sê niks. Praat met die oë.
"Nou sê ek niks verder nie," sê sy. Sy sê dit meer as een keer in die gesprek. Sy geniet die spanning. Laat haar woorde insink.

Maar as sy 'n storie vat, dan vat sy hom. Soos wanneer sy met die intrapslag verklaar: "Ek het vir die uitgewer gesê hy moet dié boek verniet weggee." Haar oë draai na haar uitgewersagent. "Maar hulle het nie ore nie. Ek het gevoel ek skuld die Bos hierdie boek."

En as sy ná die swaar stilte dawerend lag, wonder jy of sy nie tog met 'n bietjie ironie so hoog oor fairies opgee nie. Of miskien is haar geloof in fairies gegrond op haar respek vir die mense van die Bos, die vernaamste bron van haar verhale. "Haai, mevrou, ek wil vir jou iets wys," het een van die ou ooms van die Bos aan haar gesê. "Dis mos waar my ma die mannetjies-fairy gesien het."

Toorbos is 'n voltooiing van die verhaal van die bosmense. Sy het geweet dat die bosverhale moet eindig waar die houtkappers die Bos verlaat. Sy moes nog "die vierde poot aan die tafel sit". En dis die laaste. "'n Tafel het vier pote – 'n vyfde sal 'n simpel ding wees."

En dit is grootliks die verhaal van die bittere laaste dae van die Knysnahoutkappers, 'n soort maatskaplike realisme wat jy jou nie maklik onder die titel Toorbos kan voorstel nie. Tog was die titel "van die begin" in Matthee se kop. "Daar is 'n aspek van die Bos wat van die begin by my was, maar wat nie in die ander boek gehoort het nie. Vandat ek Kringe in 'n bos geskryf het, sou ek darem graag 'n fairy in 'n boek wou hê."

Sy bespeur skeptisisme en trek haar asem skerp in. Haar vinger is in die lug. "As jy 'n Christen sien, kom wys hom vir my. Ek het nog nie een gesien nie. Maar oor fairies het ek nie twyfel nie."

En terstond vertel sy hoe sy haar eerste fairy gesien het.

Haar Christen-opmerking kry ook in die boek weerklank deurdat die dominee daarin seker die karakter is wat die negatiefste uitgebeeld word. Maar as jy haar daaroor vra, skakel sy na 'n laer rat. "Nee, ek dink dominees is teologies deeglik opgelei," sê sy plegtig. "Ek het respek vir hul Grieks en Hebreeus ... En verder het ek niks te sê nie."
Weer die swaar stilte. En dan bars sy uit: "Maar ek het daai dominee lekker geklop met daai ysterhoutstomp!" (Dis eintlik 'n karakter in die boek wat dit gedoen het.)

Haar kwasterigheid hieroor het onder meer te make met wat sy as weerstand teen haar woud-mistiek aanvoel, kom jy agter. Want terwyl sy praat oor haar skatpligtigheid teenoor die Bos, dat sy dit as haar plig sien om die mistiek van die Bos uit te lig, bars sy skielik uit: "Die skade wat teoloë aanrig, is godskreiend!"

Ons is egter albei meer beïndruk deur die woordspel as die inhoud van haar stelling, en sy is onmiddellik in 'n ligter luim. "Ek kan soos 'n bosloerie roep, maar is nou te ordentlik." Haar oë soek agterdogtig deur die styselwit hotelkamer. "Dit het die ou ooms van die Bos my geleer."

Sou sy tuis wees in die stadsgewoel? In Toorbos is 'n sin wat lui: "Dit voel vir my die wêreld begin kantel om ons almal na verskillende kante toe af te gooi." Dit is 'n sin wat uit die hart kom, sê sy.

"Die wêreld is gatvol vir ons. Nee magtag, ons brou te veel. En ons sal onsself pootjie totdat ons by die waarheid uitkom, die waarheid agter die groot lieg."

Hierdie moeisame pad na waarheid loop haar eiesinnige hoofkarakter, Karoliena. En is sy nie 'n vrou so na Matthee se hart nie. Onverskrokke – "kyk, ek werk nie met bang mense nie" – en intuïtief – "nie slim soos 'n man nie, vróúslim".

"Ek hoef nie met Karoliena te gesukkel het nie," sê Matthee. "Sy het geweet wie sy is. Maar sy sou dit nie maklik hê nie, nè? Ek moes haar van 'n krans afstamp, want haar verbesondering vind plaas as sy terugklim tot bo. Dis die lekker van Karoliena – ek ken sulke vroue – sy sal haar nie doodval nie. En sy soek nie simpatie nie ...

"Maar nou sê ek nie nog 'n woord nie."

Uitgepraat? "Wil jy hê ek moet nog iets oor haar sê? Want ek kan. Ek kan nog drie boeke oor haar skryf."

'n Mens kan ook drie boeke vol oor Dalene Matthee skryf, maar jy word gedwing om uit haar vertellings te kies. Elkeen van haar boeke het 'n wysie gehad, sê sy. Letterlik 'n musiekstuk waarna sy geluister het gedurende die skryf van 'n betrokke boek. En telkens het sy agtergekom dat dit 'n Rossini-wysie is. Sy het gaan nalees en agtergekom dat Rossini lief was daarvoor om in die woud te gaan stap.

Die jongste boek wou sy egter opsluit op 'n Mozart-melodie skryf. Dit sou haar slim boek wees. Maar pas nadat sy begin het, luister sy na 'n Joan Sutherland-CD. En skielik hoor sy die eintlike wysie vir haar boek. Sy gryp die CD-kassie om vas te stel wat dit is, en siedaar: Rossini!

"Ek skrik my bedonnerd. Maar Karoliena het gejubel."

BRON: Die Burger, 17 Julie 2003